Watermoles maak 'n mooi gesig ROOI

Die modelle Natalie Becker en Nicola Breytenbach.

Vanessa Carreira het met haar Jenni Button-rok min moeite gedoen om uit te blink. Hier is sy by haar verloofde, Chris Coutroulis.

Foto: SHARIEF JAFFER

Nuwe verliefdes... Constant Visser en Minki van der Westhuizen.

Die grapjas Ferdinand Rabie en sy vrou, Colleen.

GL*NS

GAVIN PRINS
en sy los tong
gprins@naspers.com

Ek en my kollegas Karin Burger en Seraj Jones het vir jou die glans en die *bling* van die J&B Met in Kaapstad van Saterdag gebring. Nou kom die *behind-the-scenes*.

Die vere maak toe nie die voël nie, al was die mense uitgedos in al wat materiaal is. Die (soms) arrogante Gareth Cliff van 5fm het 'n motor gehuur om na die Met te ry terwyl die res van die *celebrities* in 'n bussie gery het.

(Maar Gavin, hy kan mos 'n kar huur as hy wil, hoor ek julle sê.) Ja, maar dit was nou nie nodig om aan te kondig hy doen nie die bus-ding saam met bekendes nie.

Toe kry hy vir hom 'n stompgat-BMW.

By die Kenilworth-resiesbaan was verskeie tente waarin die bekendes gekuier het.

In 'n Sandton-winkel sal mens mos altyd die bordjie kry wat sê *if you break it, consider it sold*. In die J&B Met se tent was die model Natalie Becker se geleende Gavin Rajah-uitrusting so ampertjies 'n gekoopte Gavin Rajah.

Sy het 'n glas (skoon) water op haar swart nommertjie laat val en 'n glas gebreek – minute voordat sy aan 'n fotosessie moes deelneem.

Sopnat en met die verleentheid duidelik sigbaar op die arme mens se gesig het sy gesê sy moet eers in die Kaapse hitte gaan staan voordat foto's geneem word.

Vanessa Carreira kon regtig maar meer moeite gedoen het met haar uitrusting. 'n Vervelige, vaal rok. Ek verwag iets baie beters van 'n Jenni Button-uitrusting.

In die Grandslots-tent het Herschelle Gibbs uitgeblink in 'n wit hemp met vreemde patroontjies op. "Ek't die hemp vroeg verlede jaar gekoop en nou vir die eerste keer aangetrek," sê hy.

Sjoe, sommige van ons koop 'n uitrusting die aand vpor die tyd, maar dis goeie beplanning, Herschelle.

Hy het lekker gekuier in die tent, maar wou kort-kort weet wat die kriekettelling is. Haai *shame* (ek bedoel dit nie sarkasties nie). Toe gaste hom terg oor sy onlangse blaps op die krieketveld, het onse Herschelle heel diplomaties gevra: "Hoe sou jy opgetree het?"

Spieëltjie, spieëltjie aan die wand, wie's die mooiste in die land? was wat onse Mej. Suid-Afrika, Megan Cole, gespeel het.

Elke keer as sy 'n tent binnestap, het sy 'n rits *beauty queens* om haar gehad. Dit was 'n Mej. Dit en 'n Mej. Dat – kon nie lekker bybly nie.

Moet maar gewoond raak aan die idee dat Claudia Henkel nooit, ooit by 'n partytjie sal opdaag met 'n man wat net so lank of langer as sy is nie.

Die J&B Met was heerlik, net jammer vir dié wat geld op die perde verloor het. Daar was 'n hele paar in my omtrek.